

# POLICY 035/2016 RAADSBELEID

## MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: HANTERING VAN PETISIES WAT AAN DIE RAAD OORHANDIG WORD

REFERENCE/VERWYSING: 12.2.3.5.B

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: 17.3/11/2016 (RV) DATE/DATUM: 25 November 2016

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS: Die Raad erken die Grondwetlike reg van inwoners om deur middel van petisies hul behoeftes en griewe aan die Raad oor te dra.

### RIGLYNE

Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, maak in Artikel 17 voorsiening vir die reg vir die gemeenskap om hul behoeftes en nood deur middel van, onder andere, petisies bekend te maak. Die Munisipale Stelselwet, 2000, bepaal in Artikel 17(a), soos volg:

*"(2) A municipality must establish appropriate mechanisms, processes and procedures to enable the local community to participate in the affairs of the municipality, and must for this purpose provide for -*

*(a) the receipt, processing and consideration of petitions and complaints lodged by members of the local community;"*

### PROSEDURE

1. 'n Aansoek vir 'n optog word deur die organiseerders by die Verkeersafdeling ingedien, dat 'n petisie aan die Raad oorhandig sal word.
2. Die Verkeersafdeling verwittig die Kantoor van die Burgemeester en Speaker van die aansoek.
3. Petisies word aan die Speaker of 'n Raadslid deur hom/haar aangewys, ontvang.
4. 'n Afskrif van die petisie word, onmiddellik na ontvangs, deur die Administratiewe Beamppte in die Kantoor van die Burgemeester / Speaker aan die Regsafdeling voorsien.
5. Die Kantoor van die Burgemeester en Speaker vra die nodige kommentaar van die relevante afdelings aan en berei die nodige item voor vir voorlegging aan die Burgemeesterkomitee
6. Die Burgemeesterkomitee bespreek die petisie en maak 'n aanbeveling aan die Raad.
7. Die Raad oorweeg die aanbevelings van die Burgemeesterkomitee en bekragtig en/of wysig die aanbevelings.
8. Die Kantoor van die Burgemeester & Speaker oorhandig die Raadsbesluit skriftelik aan die betrokke persone soos aangewys op die petisie.

### ROLLE

Speaker

Kantoor van die Burgemeester & Speaker

Direkteure

VERWANTE BELEID

Wet op Reëlings van Byeenkomste, 1993 (Wet 205 van 1993)

Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)

Beleid insake Straatafkondigings en Optogte.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.